

Skrifgedeelte: Genesis 1:1, 2, 26-31

Fokusgedeelte: Genesis 1:1, 27, 31

God maak alles baie goed en sorg steeds vir alles

God het alles begin. Hy het in die begin die hemel en die aarde geskep. Dit beteken dat Hy op 'n almagtige manier alles uit niks gemaak het. Hy het sy skepping baie goed gemaak. Hy besit sy ganse skepping. Hy regeer sy skepping. Hy sorg vir alles wat Hy geskep het. Hy is die Koning van sy koninkryk.

Hy het ook die mens geskep, 'n man en 'n vrou. Hy het die mens na sy beeld geskep. Dat die mens na God se beeld geskep is, beteken dat die mens heeltemal afhanklik van God is. Die mens bestaan alleen, leef alleen in 'n verhouding met die lewende God. Verder hou die geskapeheid van die mens as beeld van God in dat die mens geheel en al in diens van God staan.

In 'n lewende verhouding met die lewende God moet die mens dus diensbaar aan God wees. Hierdie diensbaarheid moet wys in die mens se liefde vir God en liefde vir die ander mense wat God geskep het. Verder moet hierdie diensbaarheid wys in die mens se omgang met die skepping, waar die mens die skepping ontwikkel en oppas.

Los van God en sonder 'n lewende en innige verhouding met Hom, sal die mens die skepping en sy medemens net verniel en afbreek. God sorg self dat die verhouding tussen Hom en die mens behoue bly. Hy het daarvoor sy Seun gegee. Jesus Christus het deur sy dood en opstanding die verhouding tussen God en elke mens wat in Hom glo, ewig vasgemaak. In Christus leef elke ware gelowige deur die Heilige Gees weer nuut.

Die Heilige Gees lei my om daaglik 'n nuwe lewe in God se koninkryk te leef— 'n lewe van liefde vir God en my naaste en 'n lewe van sorg vir God se skepping!

Sing: Psalm 19:1, 7 (1936)

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)

Skrifgedeelte: Genesis 3:1-7, 14-20

Fokusgedeelte: Genesis 3:15

Satan as teenkoning kom met die leuen, maar loop hom teen God vas!

God maak Homself van die begin af bekend as die almagtige Skepper van hemel en aarde aan Wie alles en almal behoort en onder wie se heerskappy en sorg alles en almal leef. Hy verwag ook onvoorwaardelike gehoorsaamheid en diensbaarheid en plaas 'n verbod op een van die bome in die tuin. Van dié boom mag die mens nie geëet het nie.

God se teenstander, Satan, het hom as een van die diere in die veld voorgedoen, die slang. Hy het in al sy listigheid en boosheid die mens van God probeer weglei en daarin geslaag! Die eerste twee mense het hulle laat verlei om te sondig en aan God ongehoorsaam te wees. Hierdie sonde het, soos God gesê het, die dood vir die mens gebring. Satan se belofte was 'n leuenbelofte van die dood.

Maar ... God maak Homself ook van die begin af as die genadige en liefdevolle God bekend. Hy het die werk van Satan gestuit! Sy belofte van oordeel oor Satan (Gen. 3:15) is vir die mens die belofte van die lewe.

God sou, en Hy het, Een uit die nageslag van die vrou voorsien. Hy het sy eie Seun deur 'n wonder mens laat word. God se Seun het deur sy dood aan die kruis en sy opstanding die belofte van die lewe waar laat word.

Jy is nou nie meer 'n slaaf van die duiwel en die sonde nie. Jy is deur Christus 'n koningskind. Leef dan deur die Heilige Gees die lewe van die koningskind wat jy is. Veg in die krag wat die Gees aan jou gee teen die leuenbeloftes wat die duiwel en die wêreld en jou eie sondigheid aan jou voorhou. Hou Christus altyd voor oë.

Volhard hierin deur die Heilige Gees tot die dag dat Christus weer kom en die belofte van die lewe vir jou volmaak in vervulling gaan.

Sing: Psalm 31:1, 17 (1936)

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)

Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-8
Fokusgedeelte: Eksodus 19:5, 6

God wat red, eis gehoorsaamheid

Lewe onder God se heerskappy hou wonderlike genade in vir almal wat aan Hom behoort. Israel, die verbondsvolk, het in Egipte elke dag in doodsomstandighede geleef. Die Verbondsgod het hulle uit genade uit Egipte en uit die dood gelei. Hy het hulle op 'n wonderlike manier gered!

Ons het nie in die doodsomstandighede van Egipte geleef nie, maar ... ons doodsomstandighede was in werklikheid erger! Ons was gevangenes van die sonde in die ewige dood! Uit genade het ons Verbondsgod elkeen wat aan Hom behoort, uit hierdie sondedood gelei. Hy het sy eie Seun daarvoor opgeoffer. Jesus Christus het sy lewe vir ons gegee om ons van sonde en die dood te verlos. Deur sy dood en opstanding het Hy ons uit die ryk van die duisternis weggeruk en na die ryk van die lig oorgebring (Kol. 1:13.)

Saam met al die ander gelowiges is ek in die genadeverbond opgeneem en leef ek nou in die koninkryk van die lig waar ek en alle gelowiges aan God behoort. Lewe in hierdie koninkryk is nuwe lewe in gehoorsaamheid aan God. Gehoorsaamheid aan God is nie 'n swaar plig wat op my gelê word nie. Intendeel! Gehoorsaamheid aan my God is deur die Heilige Gees vir my 'n vreugde! Die Gees wat in my woon en werk, Hy maak my bly en maak dit vir my aangenaam om God te gehoorsaam.

My God vra van my om myself aan Hom as lewende offer te gee (Rom. 12:1). Deur die Heilige Gees beheers en gelei, gee ek myself. En ... ek volhard in hierdie nuwe lewe van gehoorsaamheid in die koninkryk van God tot met Christus se wederkoms, wanneer ek die volheid van die koninkryk as erfdeel sal ontvang.

Sing: Psalm 40:1, 4 (1936)

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)

Skrifgedeelte: Psalm 22

Fokusgedeelte: Psalm 22:28-29

Mense oor die hele wêreld kom tot bekering en erken God as Here en Koning

Dit waaroor Psalm 22 'n loflied sing, gebeur reeds! Dwarsoor die aarde aanbid mense as Christene die God van die Bybel. Hulle erken Hom as Here en sien sy koningsheerskappy raak. Wat staan tussen die Psalm van Dawid, op die wysie van 'n lied oor die wildsbok wat met dagbreek wei, en die wêreldwye lofsange? Lyding, Godverlatenheid, smeekgebede, gebedsverhoring, getuienis oor God wat hoor en uitkoms gee. Alles lei tot 'n feesmaal waar lof aan God gebring word (vs 27, 30).

Die lyding van die psalmdigter laat hom in die openingsvers uitroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?" Dit het gevoel asof God hom alleen gelaat het, dat die vyand hom gaan verslind. Tog het hy geweet dat God daar is, omdat Hy hom van kleins af reeds bewaar het. Daarom bid hy om verlossing. En God hoor! Daar kom uitkoms!

Ons Here Jesus het nog dieper lyding deurgemaak. Hy is werklik deur God verlaat (Matt. 27:46). So het hy die angste van die hel beleef. Hy het nie op die rand van die dood omgedraai nie, maar het gesterf (Matt. 27:50). Sy klere is verdeel (Joh. 19:24). Sy bittere lyding was die betaling vir ons sondes. Hy is deur God verlaat, sodat geen lyding ons van Hom kan skei nie. Op grond van sy lyding kon daar verlossing vir die psalmdigter, maar ook vir ons, wees.

Soos die blydschap van verlossing tot getuienis en lofsange oor die lippe van Dawid gelei het, so kan ons ook van die evangelie getuig. In die kerk, maar ook in die wêreld. Daar is reeds veel meer mense wat die God van Dawid aanbid, maar daar is nog baie wat Jesus Christus nie ken nie. My en jou getuienis oor die getrouheid van God werk daartoe mee dat mense oor die hele wêreld tot bekering kom. So kan ons saam die Here se koningsheerskappy besing.

Sing: Psalm 22-1:1

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)

Skrifgedeelte: Psalm 145
Fokusgedeelte: Psalm 145:1

Ek loof God as my enigste Koning!

Lojale burgers het net een koning. Hy word gedien en vereer. Die gelowige het slegs een Koning. Jesus leer dat ons eers die koninkryk van God moet dien, en nie ons eie koninkrykies en behoeftes voorop moet stel nie. Wanneer ons God en sy koningsheerskappy beleef en ervaar, kan ons nie anders as om Hom te loof nie.

Om ons Koning te loof, mag nooit met bybedoelings wees nie. Ek prys Hom nie omdat of sodat Hy vir my goeie dinge kan doen nie. Nee, ons Koning word geloof vir Wie Hy is en vir wat sy vermoëns is. In die Psalm word Hy oor sy grootheid, magtige dade, luisterryke heerlikheid, goedheid en reddingsdade geloof. Hy is genadig, barmhartig en vol liefde.

Die lof aan God het egter 'n baie spesifieke vrug. Ek wil getuig of vertel ... sodat hulle ... My erkenning van God as my Koning, my onderdanigheid aan Hom, my oortel aan ander oor Wie Hy is en wat Hy doen, dra vrug ver buite my eie leefwêreld. Daniël, die jong man, se vreeslose aanbidding in die Persiese koning se paleis lei tot heidene se erkenning van die heerskappy van God.

Ons leef in 'n wêreld van vele "konings" wat vereer word. Meestal met 'n tipiese afgod-aanbiddingsmentaliteit. Ek dien my "koning" vir watter voordeel ek daaruit kan kry. As my "koning" my nie meer bevoordeel nie, soek ek 'n ander een. Hierdie konings van ons samelewing is mense, politieke partye, materiële belange, ideologieë, eiebelang, ensovoorts. Almal inperkend en verslawend. Daarom is die lof aan die ware Koning wat vir ewig oor alles en almal heers, 'n unieke en buitengewone klank.

Vertel ander van Hom wat jy loof. Kennis van Hom lei tot geloof en onberekenbare seën. Sy koninkryk verlos mense van 'n koningsdiens wat deur inflasie opgevrete word.

Sing: Psalm 145-1:1, 2

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)

Skrifgedeelte: Psalm 145

Fokusgedeelte: Psalm 145:13

U koningskap is 'n koningskap vir alle tye!

Regerings kom en gaan. Koninkryke staan op en kom tot 'n val. Verwagtinge oor wat nuwe regerings kan bring, staan teenoor teleurstellings van wat realiseer. Alles spel een groot werklikheid: dinge op aarde vergaan. Daar is niks wat blywend is nie. Omdat die mens verganklik is, is dinge wat deur hom geskep word sonder vastigheid.

Daarom hunker die mens na iets beter as mensgemaakte strukture. Vir 'n kort tyd van die lewe is sommige tevrede met losbandigheid wat vir 'n dag of drie hou. Op daardie stadium soek jy meer na verandering en steur jy jou nie aan dinge wat blywend is nie. Maar gou besef jy dat verandering nie ewige waardes kan vervang nie. 'n Huis wat nuwe verf of 'n nuwe dak kry, kan nie sonder die fondament van vroeër nie.

Kennis van die ware en enigste God is 'n seën. Wie sonder Hom leef, dobber op 'n stormagtige see, soos 'n boot sonder anker. Die Here God is 'n ewige wese. Psalm 145 sing: "U koningskap is 'n koningskap vir alle tye (eeue), u heerskappy strek oor die geslagte heen." Moenie hierdie kennis in 'n brandkluis toesluit nie! Die wêreld het dit nodig. Maar nog belangriker, God wil Homself aan die wêreld bekend maak. Hy doen groot dinge, maar almal sien dit nie raak nie. Hy is 'n ewige wese, maar almal ken Hom nie so nie.

Teenoor valse godsdienste, asook 'n anti-godsdienstigheid, wat in ons gemeenskappe leef, skenk God hierdie ewige, troosvolle waarheid. Ons is sy mond-stuk. Onthou jy nog Jesus se belofte met sy hemelvaart? "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20) 'n Onbeskryflike geborgenheid, 'n langdurige vrede, 'n vaste hoop vir die toekoms, 'n onoortreflike vreugde is die gawe van ons ewige Koning aan elkeen wat Hom dien.

Sing: Psalm 145-1:8, 12

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)

Skrifgedeelte: Jesaja 10:5-34
Fokusgedeelte: Jesaja 10:5, 15-16

God bly in beheer van die geskiedenis

In die tyd waarin ons leef, lyk dit soms vir 'n mens of die Here nie meer in beheer is nie. Daar is soveel mense wat nie meer die bestaan van die Here erken of sy heerskappy aanvaar nie.

Dit is duidelik dat die profeet Jesaja 'n heeltemal ander siening van die heerskappy van God gehad het as wat vandag in sommige kringe aanvaar word. Vroeër in die boek het Jesaja die Here se oordeel aangekondig. Hy het ook aangedui dat die Here die groot wêreldmag van sy tyd, Assirië, gaan stuur om die oordeel te voltrek. Dit het Assirië gedoen, maar sonder om te besef dat hy daarin eintlik maar 'n instrument van die Here is.

As gevolg van sy selfverheffing gaan Assirië nou egter self deur die Here geoordeel word. Assirië was inderdaad die werktuig van God se toorn, maar het in die voltrekking van die oordeel van die Here alle perke oorskry. Dit is soos 'n byl wat dink hy is meer as die een wat met hom kap.

Selfs die sterkste moonheid van Jesaja se tyd is maar net 'n instrument in God se hand. Daarom kan die Here later, in die tyd van Jeremia, Babel gebruik om Assirië te vernietig. God bly in beheer, selfs wanneer hy sy volk deur die ellende van ballingskap laat gaan.

Christus het dit baie duidelik gemaak dat Hy alle mag in die hemel en op aarde het – daarom is God steeds in beheer, al wil die mens dit nie erken nie.

Sing: Skrifberyming 10

Prof. HF (Herrie) van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)

Skrifgedeelte: Daniël 4:1-37

Fokusgedeelte: Daniël 4:30-32

Hoogmoed kom tot 'n val!

Dis die vierde en laaste keer wat God met Nebukadnesar praat. Hy doen dit weer deur 'n droom, deur 'n persoonlike ervaring waaraan Nebukadnesar nie kan ontsnap nie. Die droom het 'n boodskap van uiterste straf.

Die rede vir so 'n straf is Nebukadnesar se verregaande sonde en hoogmoed, asof hy alles is en God nie eens 'n faktor nie. As hy hom na die duidelike pad wat God by herhaling met hom geloop het, nie van sy sonde en hoogmoed bekeer nie, sal die vonnis as regverdige straf aan hom voltrek word.

'n Jaar na die droom het God ook op grond van Nebukadnesar se eie woorde die straf voltrek. Hy het dus met hom gehandel soos Hy Hom oor 'n lang tyd aan Nebukadnesar bekend gemaak het.

Steur ons ons aan God volgens die mate waarin Hy Hom aan ons bekend gemaak het in Jesus Christus? Daar is net twee moontlikhede: dis óf die harde weg tot erkenning dat Hy waarlik God is, óf die lieflike weg van bekering en geloof in Hom wat die wêreld so liefgehad het dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie.

Dít moet ons weet: sondige hoogmoed kom beslis tot 'n val!

Sing: Psalm 99:1, 2

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)

Skrifgedeelte: Daniël 6:1-29
Fokusgedeelte: Daniël 6:6, 11

Ons stryd as gelowiges

Die aanslag op Daniël se gebedslewe kom nie net vanuit die jaloesie van sy kollegas nie. Volgens Efesiërs 6:12 het ons geloofstryd 'n baie dieper dimensie as net die stryd teen vlees en bloed.

Uit Daniël 9:1-2 blyk dat Daniël hom juis in dié tyd in God se beloftes oor die terugkeer uit die ballingskap verdiep het. Hy het dit met groot erns van God afgesmeek. Daarmee het Daniël direk in die pad van die duivel gestaan wat juis wou sien dat Babel die graf van God se volk moet wees. Die kollegas was, sonder dat hulle dit direk geweet het, werktuie van Satan om in die weg van die vervulling van God se beloftes te staan. Dis die groot slagveld waarin Daniël – en saam met hom elke gelowige – hom bevind.

Op hierdie slagveld kan die wêreld ontsettende bedreigings daarstel – vir Daniël was dit op sy oudag die wetgewing en die leeukuil. Maar God is almagtig. Hy laat die ootmoedige en getroue bidder nie in die steek nie. Hy hou selfs die bekke van die leeus gesluit.

In Jesus Christus het God hierdie stryd, aangepak en volvoer. Die duivel is oorwin en uit die hemel uitgegooi. Hy is nou op aarde en weet dat hy min tyd het. Hier vervolg hy gelowiges soos 'n brullende leeu.

Biddende gelowiges is egter deur Jesus Christus, ook in hierdie aanslag, meer as oorwinnaars.

Sing: Psalm 37:24, 25

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)

Skrifgedeelte: Matteus 4:1-11

Fokusgedeelte: Matteus 4:4a, 7, 10a

Jesus weerstaan die duiwel se versoeking, jy kan ook

Net ná Jesus met sy doop sy amptelike werk begin, kom Satan met sy versoekings. Dadelik is dit duidelik: Jesus word nie in die versoekings 'n blote prooi van Satan nie. God self lei sy Seun deur sy Gees na 'n plek waar Hy Hom aan Satan blootstel. Daarom is Jesus aan die begin van sy openbare optrede in die woestyn – uitgedryf deur die Heilige Gees, soos daar letterlik staan.

Juis die woestyn. Die stryd het in die paradys begin. Daar het die eerste mens, Adam, vir Satan se leuen geval. Die mens is uit die paradys gedryf en moes as't ware in die woestyn vol dorings en distels gaan leef. Die stukkende wêreld is die magsgebied van Satan. Johannes noem hom die "owerste van hierdie wêreld" (Joh. 14:30).

As die tweede Adam moet Jesus juis nou in "hierdie wêreld", in die woestyn van die lewe, met die opruimingswerk van die sonde begin. Hy moet versoek word, want dit was ook op dié wyse dat daar 'n breuk tussen God en mens gekom het. Al hoe hierdie breuk herstel kan word, is deur self versoek te word.

Jesus weer die versoekings af deur aan die Woord van God vas te gryp. Drie keer: "Daar staan geskrywe ..." Die Woord van God is ons enigste verweer in tye van twyfel en versoekings. Satan gebruik steeds die leuen as een van sy sterkste wapens.

Ons moet ten alle tye aan die Woord van God vashou. Daaruit weet ons wat die waarheid en wat die leuen is.

Ons sal staande bly, want Christus is immers self versoek om ons te help wat versoek word (Heb. 2:18). Hou vas aan God se Woord. "Daar staan geskrywe ..."

Sing: Psalm 91:1, 3, 6 (1936)

Ds. AL (Abrie) Pelser (Bethlehem)

Skrifgedeelte: Matteus 4:12-17

Fokusgedeelte: Matteus 4:17

Jesus se eerste preek: Bekeer julle, want die koninkryk is naby!

Jesus se intrepreek word ook sy aanvangsproklamasie genoem. Hy proklameer dat die koninkryk van die hemel naby is. Met die koninkryk van die hemel (Matteus) of die koninkryk van God (Markus en Lukas) word veral bedoel dat God Koning is en regeer. Maar die koninkryk is nog nie hier nie! Dit is naby! So leer Jesus ons dan ook bid: "Laat U koninkryk kom!"

Maar God is dan nog altyd Koning! Dit is waar. God is ons ewige Koning. Sy koninkryk is egter nog nie volledig en volmaak hier nie. Dit is omdat daar 'n teë-koning is, die duiwel. Hy wil in God se plek koning wees. Ná sy opstand en die sondeval van die mens eis hy die wêreld vir homself op. Hy matig homself die posisie aan van "owerste van hierdie wêreld" (Joh. 14:30). Hy verlei mense om voor hom te buig. Om die wêreld weer volledig onder sy heerskappy te stel, stuur God sy Seun na hierdie wêreld. Hy moet herstel en nuut maak wat die sonde en Satan gebreek en verniel het.

Hy begin met die mens. Die mens word opgeroep: Bekeer jou. Dit beteken draai om, keer terug na die Here, buig in gehoorsaamheid voor Hom en dien Hom onvoorwaardelik. Stry teen die sonde en die duiwel en sy magte.

Die oproep kom daagliks ook tot ons. Die koninkryk van God is nog nie volledig hier nie. Ons sien maar min mense wat buig voor God as Koning. Ons merk nie veel van God se koningsheerskappy op in die wêreld nie, eerder opstand en wetteloosheid. Daarom moet ons elke dag in gehoorsaamheid God as Koning dien en teen die vyande van sy koninkryk stry.

Ons doen dit as oorwinnaars in Christus en in verwagting van die volmaakte koms van sy koninkryk.

Sing: Psalm 145:1, 8 (1936)

Ds. AL (Abrie) Pelsers (Bethlehem)

Skrifgedeelte: Matteus 4:23-25

Fokusgedeelte: Matteus 4:23

Jesus preek oral in die sinagoges die evangelie van die koninkryk

Wanneer Jesus met sy amptelike werk begin, lewer Hy sy intrepreek (4:12-17), roep sy dissipels (4:18-22) en begin met woord en daad optree. Sy werksterrein is aanvanklik Galilea en sy werksplekke is in die begin die sinagoges. Die sinagoges is die Jode se aanbidingsplekke. Tydens die byeenkomste was daar vir die gewone lid van die sinagoge of enige besoeker die geleentheid om te preek. Jesus het die geleentheid aangegryp en voortgegaan om by die tema van sy intrepreek aan te sluit. Hy het die evangelie van die koninkryk verkondig.

Dit is die eerste keer dat dit “evangelie” genoem word. Evangelie beteken mooi of goeie boodskap of nuus! Wat is dan nou die goeie nuus van die koninkryk? Jesus verkondig dit nie net nie, Hy demonstreer dit ook! Hy doen wonders. Dit is preke-in-aksie. Soos preke, het die wonders ’n boodskap. Soos sy preke, vertel sy wonders iets van die koning en sy koninkryk.

Eerstens demonstreer dit die goddelikheid en almag van Christus. Geen siekte of kwaal of demoon kan voor Hom standhou nie. Hy is die almagtige Koning.

Sy koningskap word ook deur sy liefde en barmhartigheid gekenmerk. Sy hart word deur die ellende van die mens geraak en Hy help deur gesond te maak. Iemand noem Jesus se wonders “transparante waardeur mense God se hart moet raaksien”.

Deur sy wonders gryp Jesus ook profeties vooruit na sy volmaakte koninkryk wat nog oppad is (vergelyk vorige dagstukkie). In sy volmaakte koninkryk sal daar geen siekte, kwaal of pyn meer wees nie (Op. 21:4). Die duiwel en sy demone sal in die poel van vuur wees (Op. 20:10). Alles sal heel en nuut wees.

Dit is die goeie nuus van die koninkryk. Deur Jesus Christus, ons ewige Koning, is ons nou al deel van dié koninkryk en kan ons deur ons daaglikse woorde en dade iets van die volmaakte koninkryk in hierdie wêreld laat deurbreek.

Sing: Skrifberyming 3-3:1-3

Ds. AL (Abrie) Pelsers (Bethlehem)

Skrifgedeelte: Matteus 5:3-12; lees ook Psalm 131
Fokusgedeelte: Matteus 5:3

Afhanklik van God, 'n tipiese kenmerk van 'n koninkrykskind

Wyle prof. Jan J van der Walt troon oor agt vervaarde eerstejaar teologiese studente in sy eerste ontmoeting met hulle en vra: "Watter vers in die Bybel is die belangrikste vers?" Nadat die studente gewik en geweeg het, verduidelik prof. Van der Walt waarom hy dink dat Matteus 5:3 'n uitsonderlike belangrike en kernvers in die Bybel is.

Matteus 5:3 – "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel", is die openingswoorde van ons Here Jesus Christus se eerste openbare preek, sy sogenaamde bergpreek (Matt. 5-7). Dit is 'n preek waarin Jesus die reëls vir die grondwet van die koninkryk van die hemel uiteensit. En dwars teen die menslike natuur in kom Jesus se eerste koninkryksreël: "Geseënd is jy as jy van God afhanklik is." 'n Amerikaanse meningspeiling het aangetoon dat die Amerikaners nie graag afhanklik van enigiets of enigiemand wil wees nie. Die mens wil graag onafhanklik wees. Dink daaraan hoe sleg tref dit bejaardes om van hulle kinders afhanklik te raak.

Wel, om afhanklik van God te wees, is 'n tipiese kenmerk van koninkrykskinders. God se Ou-Testamentiese kerk wys in hulle gebede hoe die lewe in die verbond met God 'n lewe afhanklik van God is. Koning Dawid bely in Psalm 131:1: "Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is". In elke gelowige se lewe is daar dinge wat vir hom te groot is, dinge wat bo sy vermoë is om te hanteer. Vir Koning Dawid was dit dalk sy seun Absalom wat 'n staatsgreep teen hom reël. Vir ons vandag kan dit doodgewoon kos en klere wees, miskien het jy jou werk verloor en weet jy nie waar die geld vandaan gaan kom om vir jou gesin inkopies te doen nie.

Jesus trek in sy bergpreek self lynne tussen sy openingswoorde en die res van sy preek: "Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie" (Matt. 6:25). Gelowiges kan egter in hierdie lewe ontspan, hulle kan weet en vertrou dat hulle Almagtige God, deur Jesus Christus hulle Vader, sal omsien na dit wat vir ons te groot is. Sulke mense is gelukkige mense.

Sing: Psalm 131:1, 2, 3 (1936; alternatiewe melodie Psalm 134)

Ds. J.L. (Louis) Aucamp (Kemptonpark-Mooifontein)

**Skrifgedeelte: Matteus 5:3-12; lees ook Romeine 4:7, Jesaja 61:10,
Heidelbergse Kategismus Sondag 24, v/a 62
Fokusgedeelte: Matteus 5:6 (1933/53-vertaling)**

Salig is dié wat honger en dors na geregtigheid

Is u bang vir die hel? Wil u graag in die hemel wees? Blykbaar het die kerkhervormer Maarten Luther aanvanklik 'n groot vrees vir die hel én tegelyk 'n verlange na die hemel gehad. Maarten Luther het van jongs af geleer dat God 'n regverdige Regter is en dat Hy sonde straf. Luther was vreesbevange vir die dood, want hoe sou hy voor die regverdige God kon standhou! Daarom los hy sy regsstudies, hy wou klooster toe sodat hy hom daar op goeie werke kon toespits om gered te word.

Maarten Luther het goed verstaan dat geregtigheid in die Bybel beteken om in die regte verhouding met God te wees. Die woord geregtigheid het te doen met God se reg, dat ons aan Hom gehoorsaam sal wees deur sy wet te onderhou. So werk dit selfs in die wêreld. Die staat het wette, en wanneer jy die wette oortree, staan jy in 'n verkeerde verhouding tot die staat. Jy kom weer in die regte verhouding met die staat wanneer jy vir die oortreding betaal het. Boonop leer Jesus ons in Matteus 5 dat wanneer jy in die regte verhouding tot God wil staan deur die wet te onderhou, dan moet jy die wet so volmaak nakom soos ons Vader in die hemel (vgl. Matt. 5:48). Wanneer Jesus sy vierde saligspreking in Matteus 5:6 uitspreek, dan praat Hy in die oortreffende trap. Hy praat nie van "dan en wan" 'n bietjie lus wees vir God se geregtigheid nie, maar honger en dors daarna.

Later moes Luther as professor in teologie die brief aan die Romeine vir sy studente leer. Ai, maar die brief aan die Romeine is deurspek van die woord "geregtigheid". Maar, dank die Here, die Heilige Gees gebruik juis die Romeinebrief om vir Luther te leer: "Wie in Jesus glo, is voor God regverdig!" So wonderlik leer die Heilige Gees ons in Romeine 4:7: "Salig is hulle wie se ongeregtighede vergewe en wie se sonde bedek is." Dit is dieselfde beeldspraak as in Jesaja 61: "Die Here het my in die mantel van geregtigheid gewikkel." Dit is beeldspraak van 'n baie vuil man, maar dan word daar vir hom 'n spierwit linnekleed aangetrek sodat sy vuilheid toegemaak word.

Met hierdie dagstukkies is ons in Desember. Binnekort herdenk ons die geboorte van die Seun van God. Die Seun van God word mens om volmaak aan God se geregtigheid te voldoen. En Hy doen twee dinge om volmaak aan God

Koninkryksgerigtheid

se geregtigheid te voldoen. Jesus kom in ons plek die wet van God volmaak na en Hy betaal aan die kruis volmaak vir die skuld wat ons gemaak het. Daarom het Jesus aan die kruis uitgeroep: "Volkome betaal."

Die blye boodskap is so eenvoudig: "Glo in die Here Jesus Christus en die geregtigheid wat Hy voor God verwerf het, sal vir jou toegereken word."

Sing: Skrifberyming 5-1:6

Ds. JL (Louis) Aucamp (Kemptonpark-Mooifontein)

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-15

Fokusgedeelte: Matteus 6:10

Bekommernis of bekering?

Radikaal en verontrustend! So moes Jesus se woorde in die Bergpredikasie vir die meeste van sy hoorders geklink het! Van die begin af volg Hy 'n omkeerstrategie van belydenis en bekering (omkeer) as die enigste pad in sy koninkryk in.

En belydenis en bekering maak baie mense bekommerd. Neem nou maar sy woorde in Matteus 6:31, 33" "Moenie julle bekommer oor kos en klere nie ... Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Die skare mense met wie Jesus gepraat het, was arm en het daaglik 'n stryd oor kos en klere gevoer. Verder was onreg en onderdrukking deur die heidense Romeinse regering 'n voortdurende kwelling. Om vir hulle te sê "bekommernis is ongeloof", is baie ingrypend.

Die woorde van die Sinode in die omkeerstrategie is eweneens radikaal. Die bedoeling is "om mense en gemeenskappe onder die gesag van Christus te bring" (4.2 van die rapport). Wanneer dit gebeur, sal kerkwees anders lyk as nou. Daarom lees die besluit dat "die lewenswyse van die GKSA, insluitende ons kerk-etos, gewoontes en kerkorde hervorm moet word om aan die opdrag van ons Here (om dissipels van al die nasies te maak) te voldoen" (4.6 van die rapport).

Dat dele van ons GKSA-etos en kerkorde nie inpas in Jesus se koninkryk nie en daarom hervorm moet word, is vir sommige lidmate kommerwekkend. Is dit dan nie juis ons gereformeerde gewoontes en orde wat ons veilig laat voel nie? Ander is weer bekommerd dat ons orde en etos irrelevant en onveranderlik geword het.

Wat bekommer jou? Jesus verbied enige strategie wat uit bekommernis gebore word. Soek Hom allereers en wat Hy wil doen, al laat dit jou baie onveilig voel! Hy vra geloof en bekering van bekommernis. Hy belowe dat Hy dan 'n nuwe etos en orde sal byvoeg!

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6

Dr. J (Jacob) Pretorius (Linden)

Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34**Fokusgedeelte: Matteus 6:10****Verloor jou lewe en versoen**

Om te bid "Laat u koninkryk kom!" is een van die gevaarlikste versoeke wat jy en ek op Versoeningsdag tot God kan rig!

Dit kan ons leer uit 'n gesprek oor die koninkryk tussen Jesus en 'n bekende kerkleier en teoloog (Joh. 3:1-20). Nikodemus moes van Jesus hoor dat hy die koninkryk nie sal sien as hy nie weer gebore word nie. Al was hy 'n verbondskind, was niks van Nikodemus se natuurlike geboorte of sy kennis van die Woord goed genoeg vir Jesus se ryk nie. As hy nie deur water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk kom nie.

Water dui op die doop en is 'n teken van Nikodemus se wedergeboorte, geloof en bekering (Tit. 3:5; Mark. 16:16). 'n Teken van sterf en opstaan. As iemand bid dat Jesus se koninkryk moet kom en daarvan deel wil wees, dan vra jy in 'n neutedop vir God se hele omkeerstrategie in jou lewe. Jy rig die onveilige versoek om jouself te verloor om met God versoen te word.

Versoening met God gaan nog verder. Het jy geweet dat Jesus direk na die "Onse Vader" net een bede uitsonder? Lees weer Matteus 6:14-15. Waarom beklemtoon Jesus vergifnis en sien Hy dit as die area waarin ons fel versoeking kan verwag? Want aan die kruis sou Hy, die onskuldige, God se toorn oor elke mens se sonde dra. Uit die graf van ons sonde staan Hy op as triomfantlike Koning. Daarom is daar in sy koninkryk geen plek vir mense wat sy vergifnis wil ontvang, maar ander nie wil vryspreek nie.

Vergifnis is die kragtigste getuienis van Jesus se Koningskap wat die kerk kan gee. Vergifnis keer die hardste harte om. Versoening volg dikwels op vergifnis. Versoeningsdag begin op Golgota en bind daarna elke geslag Christene se getewens om te vergewe.

Sing: Psalm 32:1, 3 (1936)

Dr. J (Jacob) Pretorius (Linden)

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:1-12

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:5, 6

As gelowiges hoop ons op vrypraak en doen liefdesdade

En nou: *geloof, hoop en liefde* bly, hierdie drie (1 Kor. 13:13). Hierdie drie is nie charismatiese gawes aan enkelinge nie. Elkeen daarvan moet elke lid van die gemeente kenmerk.

Wie glo, erken dat as ek met die reg aan my kant voor God wil staan:

- ek selfs nie op die geringste eie prestasie aanspraak kan maak nie,
- my enigste hoop is om te glo dat Jesus Christus alles gedoen het om my met God te versoen.

Die geloof bou op Christus alleen.

Elkeen van ons gaan voor die regterstoel van Christus verskyn. Hy wat ons dan oordeel, weet dat Hy sy lewe vir ons afgelê het (HK 19:52). Ons *hoop*, deur die werking van die Gees, op die vrypraak (Gal 5:5); dat ons met Christus se reg aan ons kant die ewige heerlikheid sal binnegaan.

Geloof is 'n energie, 'n krag. Geloof laat 'n mens tot aksie oorgaan. Geloof laat jou leef soos wat jy is. Jy wat, danksy Christus se verdienste, 'n kind van God is, *leef ook as kind van God*.

Geloof bewerk 'n ware, Goddelike *liefde* as vrug van die Gees in my. Hierdie liefde word daad – liefdesdade. Ek leef as gelowige volgens die beginsel van die liefde (Rom 14:15).

Christus wys vir ons die weg aan waardeur liefde tot daad oorgaan. Uit liefde vir ons, sondaars, het God sy geliefde Seun gegee. Uit liefde het *Jesus Christus* sy lewe vir ons aan die kruis afgelê. Dit was sy groot liefdesdaad vir ons.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3

Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging '95)

Skrifgedeelte: Kolossense 1:21-29
Fokusgedeelte: Kolossense 1:23, 27

Die geheimenis vir die nasies, God se meesterplan

Satan is warm op jou spoor! Hy maak woedend oorlog teen elke gelowige (Op. 12:17; 1 Pet. 5:8). Buitendien is daar nog ander dodelike magte aan die werk: 'n verleidelike wêreld én jou eie sondige aard.

Die gelowiges in Kolosse het dit terdeë belewe. Ou gewoontes en verkeerde tradisies kan taai wees om af te skud! Hulle was, nes ons, geneig om daarin terug te val (Kol. 3:5-11). Boonop was daar mense wat voorgee dat hulle wys en slim is, wat die gelowiges op allerlei wyses mislei met valse redenasies en misleidende teorieë (Kol. 2:4, 8).

In hierdie titaniëse stryd waarin ook jy daagliks betrokke is, maak Paulus 'n groot geheimenis aan die wêreld bekend: Jesus Christus het deur sy bloed verlore mense met God versoen. Meer nog: Jesus is deur die geloof so innig aan jou verbonde dat Hy in jou is (Kol. 1:27). Hy is jou Borg, die Fondament van jou lewe. Hy is die enigste hoop op 'n heerlike saligheid wat jy het – nou en vir ewig. Dit is uiteindelik 'n heerlikheid wat alle vreugde wat jy nou reeds belewe, *vér* oortref.

Maar dan moet jy tot die eer van God lewe deur net te doen wat Hy verlang. God gee deur sy Gees aan jou die krag om vas te staan in die geloof. Jy mag nie toelaat dat jou doodsvyande jou losruk van die heerlike seën waarvan die evangelie jou verseker nie.

Jou hoop blom uit in die wonderlike sekerheid van 'n gewisse oorwinning – mits jy jou verantwoordelikheid aanvaar .

Sing Psalm 46:1, 6 (1936)

Ds. APC (Peet) Duvenage (Emeritus)

Skrifgedeelte: Matteus 16:13-20

Fokusgedeelte: Matteus 16:19

Die sleutels van die hemel

Het jy geweet die deure van die hemel sit hier op aarde? Die Here Jesus gee die sleutels vir sy koninkryk aan Petrus en die ander dissipels (Matt. 18:18), en deur hulle aan sy ganse kerk, ook aan my en jou. Met hierdie sleutels word die hemel vir mense hier op aarde oop- of toegesluit.

Hoe gebeur dit? Die sleutels wat die hemel oop- of toesluit, is die suiwer verkondiging van die evangeliewoord en die kerklike ban of tug. Waar die evangelie suiwer verkondig word en die tug in liefde toegepas word, knars die sleutels in die slot van die koninkryk van die hemele.

Die eerste sleutel, waar die Woord suiwer verkondig word, sluit die hemel oop as jy gelowig die Blye Boodschap van Christus se verlossingswerk aanvaar. Die deure van die hemel gaan egter vir jou toe as jy die Woord verwerp. Die kerklike tug begin by elke gelowige (Matt. 18:15, 16). Dit kan gebeur dat lidmate nie luister na die wekroep van gelowiges met die Woord om hulle te bekeer nie, dan sê hulle dit vir die kerkraad wat dan met die kerklike vermaning en tug voortgaan. As so 'n mens hom of haar nie bekeer nie, kom die trappe van afsnyding in werking. By volhardende ongehoorsaamheid kan die deure van die hemel ook met die ban of afsnyding uit 'n gemeente toegesluit word.

'n Mens sidder eintlik as jy dink aan die groot verantwoordelikheid wat Christus op sy kerk lê. Ons moet sy Woord en sy gesag bedien. Die vraag is net: Hoe gebruik jy die sleutels wat Christus aan jou toevertrou het? Sluit jy oop en toe, of word jy uitgesluit?

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 4, 5

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)

Skrifgedeelte: Matteus 13:44-50**Fokusgedeelte: Matteus 13:44****Die koninkryk van God is kosbaar**

Dit klink vir my asof die man in die gelykenis 'n hardwerkende boer was wat iewers huurgrond omgeploeg het. Moontlik het hy met een van die ploegskare 'n groot skat in die grond heel onverwags oopgeploeg. Nadat hy besef het dat hierdie vonds hom skatryk sal maak, het hy die rykdom versigtig weer toegemaak en al sy goed verkoop. Hy was bereid om alles prys te gee om hierdie saailand met die groot skat te koop.

Jesus wil ons deur hierdie gelykenis leer dat sy koninkryk met iets baie kosbaars vergelyk kan word. Dit is soos 'n verborge skat. Soms word die goeie nuus van God se genade amper onverwags ontdek as 'n ongelowige 'n Gideonsbybeltjie in die hospitaal lees, of as hy miskien na 'n boodskappie oor die radio luister, of as hy die geloofsoptrede van 'n kind van God raaksien.

Meer dikwels groei ons op in die geloof in verbondsouerhuise waar ons al meer en meer die Here leer ken, leer liefkry en besef watter genadeskat ons het. Of God se genade na ons toe onverwags of met die loop van tyd uit verbondsouerhuise kom, die punt is: ek en jy moet die skatte van God se genade ons eie maak. Dis nie genoeg om bloot te weet waar ons die skat kan vind en dan niks daaraan te doen nie.

Die skat van God se genade vind ons slegs by Jesus Christus! Hy moet vir ons die kosbaarste skat wees wat ons geestelik skatryk maak. Dit beteken dat ek en jy alles moet prys gee om Jesus as Koning te dien. Die vraag is net: Wat is jy bereid om vir Christus prys te gee?

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)

Skrifgedeelte: Matteus 24:1-14

Fokusgedeelte: Matteus 24:14

Verkondig die evangelie van die koninkryk oor die hele wêreld aan al die nasies

Christus se wederkoms sal plaasvind sodra die getal van die uitverkorenes, soos God die getal in sy Raadsplan bepaal het en elkeen se naam in sy Lewensboek opgeskryf is, vol is (Art 37 NGB). Die evangelie moet nou verkondig word dat al die uitverkorenes in Christus, uit alle nasies tot sy ryk toegebring kan word. Sondag 48, wat handel oor die bede om die koms van die koninkryk, leer ons hoe dit gebeur: *"Bewaar u kerk en laat dit groei."* Deur prediking, katkisasie en huisbesoek word alle uitverkorenes wat binne die verbond gebore is en deur die doop in die kerk ingelyf is, vir God se ryk deur sy Gees en Woord *bewaar*. Dit is die verkondiging van die evangelie aan die verbondskinders binne die nasies. Die *groei* aan die ander kant is dat dié wat nie so toegevoeg is nie, maar wat in die kerk hoort na God se Raad, daartoe getrek word. Dit gebeur deur evangelisasie en sending, deur die verkondiging van die evangelie aan die heidene en afgedwaaldes binne die nasies.

Ons weet nie waar al die uitverkorenes van die Here hulle nog bevind nie. Daar is nog van hulle onder ateïste, Jode, Moslems, waar ook al. Maar ons weet dat Romeine 10:17 leer: *"Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God."* Die verkondiging van die Woord, waardeur die Heilige Gees werk, is dus die middel om die getal van die uitverkorenes vol te maak, sodat die wederkoms kan plaasvind. 'n Kerk wat dus die *"bewaring van die kerk"*, deur getroue arbeid van geroepe diensknegte en die funksionering van die amp van die gelowige nalaat, of slordig daarmee omgaan, en wat die *"vermeerdering van die kerk"* deur gebrek aan evangelisasie en sending nalaat, se verwagting en verlange na die wederkoms is afwesig.

Uit liefde vir die komende Bruidegom, Jesus Christus, moet hierdie evangelie van die koninkryk in die hele wêreld tot getuienis vir al die nasies verkondig word. Ons as gelowiges, wat elkeen in die amp van profeet geroep is en Sondag na Sondag in die prediking vanuit die Woord toegerus word, moet die Woord uitdra aan elkeen wat op ons pad kom.

Sing: Skrifberyming 2-4:1-3

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)

Skrifgedeelte: Matteus 18:1-14**Fokusgedeelte: Matteus 18:1-4****Wie is die belangrikste in die koninkryk?**

Met die dissipels se vraag: "Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?", was hulle besig met die verkeerde opvatting dat Jesus as Koning gekom het om 'n aardse ryk vir sy volk te kom oprig. En hulle was bekommerd oor hulle posisies in die koninkryk meer as wat dit om die eer van Christus gegaan het, Hy wat kom ly en sterf het om sy koninkryk op te rig.

En daarom is Jesus se antwoord op die vraag verrassend. Hy antwoord nie direk nie. Hy roep eers 'n kind na Hom en laat dié in hulle midde staan. Wat sou 'n kind nou met die koninkryk van die hemel te doen hê? Die kind wat Jesus nadergeroep het was 'n klein kindjie, 'n kleuter. En as Jesus dan sê: "Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie", verwys Hy na die algemene kenmerk van gemiddelde klein kinders. Hulle leef volkome afhanklik van hulle ouers en in onbepaalde oorgawe en vertroue. Die dissipels moes geen aansprake maak nie, maar uit genade leef. In die koninkryk van die hemel is geen plek vir dié wat hulle reg soek, vir dié wat wil verdien en loon soek nie. Nee, die dissipels moes volkome nederig, afhanklik van God leef.

In die koninkryk van die hemel is ander waardes van toepassing as op aarde. Daar is nie die eerste groot nie, maar die laaste, geringste en nederigste. Daar is die grootste nie hy wat deur almal gedien word nie, maar hy wat almal se dienaar is na die voorbeeld van Christus. Hy het gekom om te dien, om te sterf en te verlos.

Hoe lyk ons diens aan God en ons medegelowiges? Is dit nederige diens, volkome afhanklik van God waar Hy bo alles eer ontvang en ons ons naaste se belange dien? Is dit dankbare diens vir Christus se verlossing en volkomke vertroue op Hom? Is u so deur God se genade en die Gees se werking in u, gereed vir die Koninkryk?

Sing: Skrifberyming 16-1:2, 6, 7

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)

Skrifgedeelte: Matteus 21:28-32

Fokusgedeelte: Matteus 21:31

Gaan soek die tollenaars en prostitute

Hierdie gelykenis handel oor twee seuns wat nie een hulle vader baie vreugde verskaf het nie. Die eerste weier brutaal om sy vader se opdrag uit te voer. Die ander een maak net mooi beloftes waarvan niks kom nie. Die twee broers verteenwoordig twee groepe van die Here se volk. Die ongehoorsame seun wat nee sê – die tollenaars en die hoere, die brawe ja-broer – die Fariseër en skrifgeleerde.

Die nee-sê-seun, die diensweieraar, die hoere en tollenaars van Israel, het nog wel die teken van die verbond gedra, en so die naam van kind, maar hulle het hulle skaamteloos gedra. Hulle het brutaal vir God en vir sy gebooie nee gesê. Hulle is deur die ja-sê-seun, die vroom Fariseërs, verag. Maar die Fariseërs was skynheilig en het self ook nie God se gebooie onderhou nie, en hulle het Christus verwerp. Hulle het met hulle godsdienstigheid nie in die Here se wingerd nie, maar in hulle eie wingerd gewerk. Dit het nie vir hulle daarom gegaan om God te verheerlik nie, maar om deur mense gesien te word en hulleself te verheerlik. Hulle doen 'n klomp dinge, maar laat die hoofsaak van die wet na, naamlik liefde.

Die geskiedenis van die seun wat nee sê, loop egter nie in die muur van onwilligheid en verharding dood nie. Hy kom tot homself, hy kom tot ander insigte, hy het spyt/berou gekry en gegaan. In die seun wat nee sê, maar ja doen, doem daar voor ons oë baie gestaltes van tollenaars en sondaars op wat die weg terug vind. In hom sien ons almal wat hulle lewe so verknoei het, maar wat uiteindelik deur die Here teruggebring is.

Nou moet ons nie vandag soos die ja-broer, Fariseërs wees nie. God gee die opdrag aan ons almal: Gaan werk vandag in my wingerd. Dit is nie net die spesiale taak van die ampsdraers nie, maar van al sy kinders. Kindskap van God vra diensbetoning en werk in sy wingerd. Ons werk in God se koninkryk toon ons liefde vir Hom.

Ons het vir Hom ja gesê toe ons belydenis van geloof afgelê het. Ons het beloop om in God se wingerd, sy koninkryk, getrou te gaan werk. En as jy die Here liefhet en dankbaar is vir die verlossing in Christus, sal jy in sy wingerd, sy kerk en koninkryk werk.

Dan sal jy ook nie die tollenaars en prostitute, die afgedwaalde sondaars

Koninkryksgerigheid

buite die kerk verag nie, maar uit liefde vir Christus juis die Woord aan hulle bring. Dit sodat hulle nee sê, ja doen sal word tot God se eer.

As ons dit nie doen nie, dan sê ons net ja en doen nee, dan werk ons as lidmate met ons godsdienstigheid soos die Fariseërs ook in ons eie wingerd/koninkryk en nie in God se wingerd/koninkryk nie.

Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2, 3, 4

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)

Skrifgedeelte: Jesaja 54 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 54:4-8

Vir 'n klein oomblik verlaat

"Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader".

Lieflik, vertroostend word vir die volk in ballingskap die komende verlossing geprofeteer. Ook die bruid van Christus, die kerk van die Here, word hier toegesprek. Jerusalem, jou stryd is verby, jou skuld is betaal.

Om vir 'n oomblik "verlaat te" wees, is baie erg!. Dit weet almal wat moeilikheid, swaarkry of siekte moet verwerk. Dit is veral rondom Kersfees dat hartseer en moedeloosheid bedroefdes wil oorweldig.

Onthou dan die Here se belofte wat vervul is deur die Kindjie wat toegedraai in doeke in 'n krip lê. "Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader. Ek het vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedheid ontferm Ek My oor jou, sê die Here, jou Verlosser".

Hoe weet ons dit? Kyk, Emmanuel is gebore. En sy naam beteken "God met ons".

Sing: Psalm 30:3

Ds. FJ (Francois) du Toit Lessing (Emeritus)

Skrifgedeelte: Jesaja 55 (OAV)**Fokusgedeelte: Jesaja 55:6****Genadetyd gaan verby**

Kersfees is Christusfees. Dit is egter 'n fees wat deur die wêreld se sakelui gekaap is. So maklik kan die gelowiges deur die besigheidswêreld se versierde winkels, skitterliggies, kerspartytjies en jolyt meegesleur word! Vandag word ons daaraan herinner: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is."

Gister het ons die bruid van die Christus (kerk) gesien. Verlossing is aan haar verkondig: "Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, Ek lê jou stene in sierklei, en Ek grondves jou in saffiere; en jou borswerings maak Ek van robyne en jou poorte van karbonkels en jou hele ringmuur van edelgesteentes."

Die bruid moet Babilon nou verlaat. Vandaar die wekroep in saketerme: "O, almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!" Die veeboere het in die wêreldstad geswig voor die betowering van die handelsprofyte.

Ons, bruidskerk van die hemelse Bruidegom, moet veral tydens Kersfees tot bekering gebring word: "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit."

Dit is nog genadetyd. Eer aan God in die hoogste hemele, vrede op aarde in die mens in wie Hy 'n welbehae het.

Sing: Psalm 89:1, 3

Ds. FJ (Francois) du Toit Lessing (Emeritus)

Skrifgedeelte: Jesaja 56 en 57 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 56:1-7

Kerkbou in die Ou Testament

Hoofstukke 56 tot 66 bestaan uit profesieë van verskillende aard. Hulle het nou meer betrekking op Jesaja se eie tyd as op die Babiloniese ballingskap en die verlossing daaruit. Jesaja teken die eerste trekke van die Nuwe-Testamentiese sendingopdrag van ons Here Jesus Christus: Gaan maak dissipels van alle nasies.

In hierdie gedeelte sien ons hoe die middelmuur van skeiding afgebreek word. In die tempel is daar nou ook plek vir uitlanders en ontmandes. Die tempel word nie meer 'n offerhuis genoem nie, maar "huis van gebed". Dit gaan nou om aanbidding in gees en in waarheid en is nie meer beperk tot Israel of tot die tempel in Jerusalem nie.

Seënyrke beloftes word gegee aan almal wat hulle tot God bekeer: "Welge-luksalig is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou; wat die sabbat hou, sodat hy dit nie onheilig nie, en sy hand terughou, dat dit geen kwaad doen nie. En laat die uitlander wat hom by die HERE aangesluit het, nie spreek en sê: Die HERE sal my gewis afskei van sy volk nie; en laat die ontmande nie sê: Kyk, ek is 'n droë boom nie. Vir elkeen wat terneergedruk is, is daar troos: Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees ... Ek sal nie vir ewig twis en nie vir altyd toornig wees nie ..."

So bou Hy sy kerk. Maak jou vandag diensbaar aan hierdie profesie.

Sing: Psalm 24:2

Ds. FJ (Francois) du Toit Lessing (Emeritus)

Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:23-40
Fokusgedeelte: Deuteronomium 4:35

Die kruisgebeure spel die grootheid van God uit

God se optrede teenoor 'n sondige Israel word hier gewys. Dit is 'n optrede wat sy grootheid en besondere genade na vore laat kom.

Moses herinner Israel aan die pad waarlangs hulle gekom het. Ten spyte van 40 jaar in die woestyn het Hy vir hulle gesorg. Maar Moses vra ook getrouheid aan die Here (vs 23), en in verse 26-28 hou hy die straf voor. Hy voorspel reeds die ballingskap wat sou kom.

Dit is 'n ernstige waarskuwing, maar tog word God se geweldige genade getoon. Verse 29 en 30 sê hoe hulle weer na Hom sal soek en terug sal keer na Hom en na sy stem sal luister. Hy sou hulle nie in die steek laat daar in die ellende van die ballingskap nie. Hoekom? Vers 31: "Die Here julle God is 'n genadige God." Maar meer: verse 33 en 34 teken die groot daad van God. Al die dinge het Hy voor hulle oë laat afspeel.

Hoekom? Vers 35: "Dit is vir julle gewys dat julle kan beseft die Here is God en dat daar naas Hom nie 'n ander is nie." Wie sal so genadig optree met 'n sondige volk? Wie behalwe die enigste, ware God? So buig die mens en bely: Die Here alleen is God.

Die dinge spel die kruisgebeure ook uit. Op Golgota is Jesus gebreek en daar het sy kosbare bloed gevloei. Dit bring ons tot belydenis. Wie sal tog sy seun aan die kruis laat spyker, Hom die smarte van die hel laat ervaar en dit alles maar net om vuil sondaars te red? Wie sal dit doen? Alleen die barmhartige en genadige God. So sien ek Jesus daar aan die kruis en ek sien God die Vader wat Hom ontferm oor 'n sondaar soos ek.

So buig ek in aanbidding om Hom te eer om sy grootheid ontwil!

Sing: Psalm 31:5, 15

Ds. LD (Lourens) Aucamp (Emeritus)

Skrifgedeelte: Handeling 14:21-28

Fokusgedeelte: Handeling 14:22

Bly getrou in verdrukking!

Nadat hulle die evangelie in Derbe verkondig het (vs 21), sien ons dat Paulus en Barnabas weer op hulle spore terugkeer. Hulle besoek Listra, Ikonium en Antiogië met die doel om die gelowiges, omring deur 'n see van heidendom, geestelik te versterk en aan te moedig om in die geloof te volhard (vs 22).

Die gelowiges word aangespoor om te volhard, want verdrukking is 'n werklikheid vir elke kind van God! Dis onlosmaaklik aan egte Christenskap verbind! Waarom ly kinders van God? Antwoord: Ons is alreeds deel van die Koninkryk van God, wat ander norme en waardes het as die koninkryk van Satan! Ons pas nie meer in hierdie bedeling nie! Bekering neem ons nie weg uit die wêreld nie, maar plaas ons in 'n staat van konflik met die wêreld! Ons lyding as Christene is in 'n sin 'n voortsetting van Christus se lyding in hierdie wêreld! Soos Christus verwerp is, word ons ook verwerp en uitgestoot.

As Christene bevind ons onself in 'n oorgangsfase en 'n paradoks: kind van God, maar nog steeds 'n sondaar! 'n Erfgenaam van die nuwe bedeling, maar nog steeds 'n inwoner van die huidige bedeling. Ons besit die ewige lewe, maar is nou nog steeds onderworpe aan siekte en dood tot Jesus weer kom! Die ALREEDS en die NOG NIE!

Kinders van God is alreeds burgers van 'n nuwe Koninkryk, alreeds volkome vrygespreek, maar nog nie in heerlikheid nie, nog nie volmaak en sonder sonde en stryd en verdrukking nie.

Die oorwinning van Christus is 'n werklikheid, want Hy het die wêreld oorwin. Maar totdat weer Hy kom, sal ons verdrukking hê! Die verdrukte Christene moet weet, selfs al word hulle doodgemaak, is Jesus die Een wat alle sê en mag het oor lewe en dood! Jesus, ons Verlosser, het alle mag, daarom kan ons vreesloos in verdrukking volhard! Bly dus getrou in verdrukking!

Sing: Psalm 116-2:5 (2001)

Dr. D (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)

Skrifgedeelte: Romeine 14:13-23

Fokusgedeelte: Romeine 14:17

Die koninkryk van God is 'n saak van gehoorsaamheid, vrede en vreugde

Hoe lyk jou program vir die nuwe jaar? Daar is so baie dinge waaraan ons elke dag aandag gee, maar God het 'n duidelike prioriteitslys vir ons in Romeine 14:17 deurgegee. Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar die klem val op die vrede en vreugde wat die Heilige Gees gee.

Romeine 14:17 herinner ons aan die woorde van Jesus in Matteus 4:17: *“Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.”* En dit is waartoe Jesus mense vandag nog roep, naamlik om 'n nuwe lewe onder God se heerskappy te lei. Paulus wil in navolging van Jesus ons herinner waarom hierdie nuwe lewe eintlik gaan ... nie oor kantlynsake soos wat om te eet of te drink nie. Paulus noem drie sake wat wesenlik is:

- *“Gehoorsaamheid aan God”* op grond van die feit dat ons geregtig/vrygespreek is (OAV) (om as vrygesprekte te lewe, nie meer slaaf van 'n ou lewe nie).
- *“Vrede”*, want die vyandskap tussen God en die sondige mens is opgehef.
- *“Blydschap”*, want dit is die vreugde wat deur die Heilige Gees weer in ons harte kom.

Onthou: dit gaan nie om jou koninkryk nie, maar God s'n! Dit is waarvoor Christus aarde toe gekom het. As jy die koninkryk van God heel eerste stel – as jy geregtigheid laat geskied, in vrede met jouself, jou omstandighede en jou medemens lewe, en ten alle tye blydschap in die Heilige Gees ervaar (en bring ook!) – dan volg die res.

In Matteus 6 leer Jesus dat ons onself nie oor môre moet bekommer nie. Jesus sê ons moet onself allereers vir die koninkryk van God beywer, die res sal volg. Spits jouself toe op jou primêre doel hier op aarde. Stel die koninkryk van God heel eerste. Maak jou heel eerste doel in die nuwe jaar wat voorlê om die koninkryk van God te laat kom, en die res van jou lewe sal in plek val.

Sing: Skrifberyming 17-1:6

Dr. D (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)

Skrifgedeelte: Openbaring 19:1-8

Fokusgedeelte: Openbaring 19:6 (1953-vertaling)

Prys God wat die volle beheer gaan oorneem!

In 'n hallelujakoor gaan die uitverkorenes God uitbundig prys omdat Hy op 'n nuwe wyse met die wederkoms begin regeer. Ons lees daarvan ook in byvoorbeeld 1 Korintiërs 15:23-25 en Openbaring 11:17. 'n Nuwe fase gaan in God se koninkryk intree. Finale herstel gaan plaasvind.

Christus het aarde toe gekom om juis weer God se heerskappy oor alles te vestig. Satan het vanaf die sondeval as teëkoning die mag by God probeer steel. Met Christus se opstanding oorwin Hy al die opstandige magte en heers Hy nou as Koning tot aan die einde van die tye as Hy die Koningskap weer aan die Vader gaan oorgee. Saam sal hulle dan tot in ewigheid regeer.

Met hierdie nuwe magsaanvaarding sal God as regverdige God dan alle vyandige magte finaal oordeel en as genadige en barmhartige God die ewige huweliksluiting met sy kerk laat plaasvind. Hy ontferm Hom dan op 'n besondere wyse oor al die gelowiges van alle eeue en verbind Hom op die allerintiemste wyse met hulle.

Ons kan daarna uitsien dat ons eendag sal deelneem aan die magtige hallelujakoor wat God prys oor Hy die magte oorwin het en die langverwagte huweliksfees wat nou uiteindelik plaasvind. Ons kan egter ook nou al voluit die Here prys omdat Hy die bruid, sy kerk, vergun het om fyn, helder blink klere aan te trek.

Die Here gee ons elke dag die geleentheid om vir daardie ontsaglike geleentheid voor te berei. Hy gee daaglik aan sy kerk genoeg gawes daarvoor. Hy gee ons die krag deur sy Gees om goeie werke te kan doen. Elke liefdesdaad uit geloof is deel van daardie wonderlike voorbereiding!

Berei jou nou al voor sodat jy ook eendag met hemelse vreugde kan saamsing: Halleluja! Prys die Here!

Sing: Skrifberyming 18-3:6, 7

Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)

Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8
Fokusgedeelte: Openbaring 21:5 (1983-vertaling)

Oorwin om deel te hê aan God se nuwe begin

"Kyk, Ek maak alles nuut." Dit sal met die wederkoms gebeur. God het in die verlede ook met tye weer nuut begin, byvoorbeeld met die skepping, die moederbelofte ná die sondeval, die verbondsluiting met Abraham, met die volk Israel ná die ballingskap, met die koms van Jesus Christus op aarde. Nou begin God weer nuut aan die einde van die tye. Die ou dinge gaan verby. Dit is net nie meer goed genoeg nie.

God begin nuut deur hemel en aarde nuut te maak en ook sy verbond met sy kinders te vernuwe. Twee keer hoor ons verbondstaal, in verse 3 en 7. Hy sal dan op 'n besonder intieme manier vir ewig by sy uitverkorenes wees en hulle sal sy volk, sy kinders wees.

Dit gaan 'n ingrypende en omvattende vernuwing wees, 'n kwalitatiewe en waardeveranderende vernuwing. Dit gaan al Christus se verlossingswerk insluit. Sekere dinge gaan daarbuite val, soos die goddelose mense (die see wat nie meer daar sal wees nie), asook die sonde en gevolge daarvan (die dood, leed, smart en pyne wat nie meer daar sal wees nie).

Elke gelowige sal dit as so 'n besondere vernuwing ervaar, omdat God self dan in al sy genade by ons sal kom woon (letterlik tabernakel sal opslaan), ons sy genoegsame vertroosting sal kry (al die tranes word afdroog) en Hy al ons behoeftes ten volle sal versadig (laat drink uit die fontein van lewende water).

Die Here verwag van ons om te oorwin sodat ons deel kan kry aan God se nuwe begin: "Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry ..."

Dit vra harde stryd in die geloof om bevoordeel te word as God nuut begin. Dit geld vir die nuwe begin eendag as Hy weer kom, maar dit geld ook vir die nuwe jaar wat voorlê en die nuwe begin waarmee die Here ook nou onder ons as Gereformeerde Kerke besig is.

Sing: Skrifberyming 18-1:1, 5, 6

Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)